verskille is en omdat 'n huis, wat uit sulke verskillende elemente bestaan, teen homself verdeel is en daarom ook nie kan bestaan nie. Om hierdie euwel van diskriminasie te bestry is absoluut noodsaaklik. Dit staan nie in die diens van die ideaal van afsonderlike naasbestaan nie, maar sal apartheid en alles waarvoor dit wil staan, laat misluk. Hierdie regverdige en natuurlike naasmekaarbestaan, is wat mens positiewe apartheid kan noem. Negatiewe apartheid daarteenoor het twee vorms. Dit bestaan aan die een kant in die onchristelike diskriminasie en verguising van wie met my verskil in ras of volk of kleur en op grond daarvan 'n absolute skeiding eis. Of dit bestaan aan die ander kant in 'n meer verfynde vorm van diskriminasie onder die dekmantel van allerlei mooi terms, soos integrasie, vennootskap, ens. om so die mens dan tog in dieselfde maatskaplike struktuur vir eie doeleindes te gebruik, maar homself tog altyd as die beheersende faktor te handhaaf. Die een is so onnatuurlik, so onregverdig en so onchristelike as die ander.

Die positiewe en christelike apartheid gaan uit van die deur God daargestelde verskeidenheid, van die menswaardigheid van elke mens as skepsel van God, wat hom ontplooi in die mens se verhouding tot God, as sy Skepper-Heer en juis daarom gaan dit ook uit van die dekaloog. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Dat die Kommunisme hierdie positiewe apartheid verwerp, kom deur sy anti-godsdienstige en anti-christelike uitgangspunt. Die Kommunisme is immers gebore uit die haat teen die christelike geloof. Hy kan nie anders nie as om 'n stryd te voer van lewe op dood teen alles wat christelik van oorsprong is. En die Liberalisme van die westerse wêreld van vandag se stryd teen hierdie positiewe apartheid, kom omdat hy die inhoud van die christelike geloof verloor het en hom daarom ook nie kan skaam nie daarvoor dat hy met sy dwase stryd vir 'n dwase liberalisme die pad vir die Kommunisme baan. Dit gebeur in Suid-Afrika, Midde Afrika, die hele Afrika. Wat 'n tragedie!

H. P. WOLMARANS.

---

## DIE OWERHEID IN DIE NUWE TESTAMENT EN BY DIE REFORMATORE.

As die kerk die vraag na die burgerlike owerheid vra, dan kan hy dit alleen doen deur biddend te luister — ook saam met die vaders en die broeders — na die Woord van God en dan die lig van God se Woord te laat val oor hierdie probleem in die konkrete situasie. So word rekening gehou met die formele prinsiepe van die Reformasie nl. dat die Heilige Skrif die enigste en genoegsame maatstaf vir geloof en lewe is. Maar die

Heilige Skrif is, ook wat die burgerlike owerheid betref en die verhouding van die gelowige tot die owerheid, geen teksboek waarin 'n mens telkens weer 'n „pasklaar program" vir hierdie problematiek kan gaan opslaan nie, maar hy „dui alleen die groot riglyne i.v.m. die mens se lewensgebiede aan wat alleen in die geloof, onder leiding van die Heilige Gees, deur beslissings op ons lewe in die konkrete situasie toegepas kan word."[1]

Die kerk wat die vraag na die burgerlike owerheid vra, bely die vleeswording, kruisiging, dood, opstanding en hemelvaart van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees en weet dat in hierdie genadehandeling van God die situasie van die mens en die wêreld reeds radikaal verander is. Die koninkryk van God het naby gekom. Maar die kerk het ook 'n Godgegewe verwagting nl. die wederkoms van Christus. En die kerk weet dat sy tyd en die tyd van die ganse wêreld tussen hierdie twee punte lê: die opstanding en die wederkoms van Christus. Dit is 'n spanningsvolle tyd: die eindtyd het reeds aangebreek in die opstanding van Christus, maar die voltooing lê nog voor; die oorwinning het reeds geskied maar die finale beklinking is nog uitstaande[2]. In hierdie tyd „lewe die kerk nie in die hemel nie maar op die aarde"[3]. Hy is hier nog 'n bywoner en 'n vreemdeling — ook van 'n aardse volk en 'n aardse owerheid — maar weliswaar só dat hy, terwyl hy leef van die Woord van sy Heer en onder Sy alleenheerskappy staan, God se stad (*polis*, Hebr. 11: 13–16; 12: 22; 13: 14) verwag en bely dat sy burgerskap (*politeuma*, Fil. 3: 20) in die hemele is.

Onder owerheid verstaan ons „die burgerlike owerheid aan wie 'n publieke forum die wetgewende, regsprekende en uitvoerende gesag verleen het met die oog op die min of meer georganiseerde, ordelike regering van 'n bepaalde groep"[4]. In ons vaderland kan „die groep" waarin die publieke forum gevind word wat aan die bepaalde owerhede hulle ooreenstemmende regeerbevoegdhede verleen, munisipaal, provinsiaal of nasionaal wees. Die owerheid het tot taak die versekering en bewaring van die vryheid, vrede en menslikheid in en vir die gemeenskap. Dit is vanselfsprekend dat hierdie vrede, vryheid en menslikheid alleen „uitwendig, relatief en provisioneel"[5] van aard kan wees.

Maar nou is dit duidelik dat as die owerheid hom besig moet hou met die skepping en handhawing van vryheid, vrede en menslikheid binne die raamwerk van 'n ordelike, chaos-bedwingende regering en „as politiek al die denke en doenigheid is wat met die owerheid in verband staan"[6], dat niemand nie, ook nie die kerk of die gelowige hom sal kan onttrek van die politiek, of hom ligtelik teenoor die owerheid sal kan stel nie. 'n Houding van „steriele negasie"[7] is buite die kwessie vir die kerk en die gelowige.

---

1) B. J. Engelbrecht, *'n Christelik-Etiese Studie oor die Christen-Gelowige en die Politiek.*
2) Vergelyk Oscar Cullmann, *The State in the New Testament*, London 1957, p. 87.
3) Karl Barth, *Against the Stream*, London 1954, p. 78.
4) B. J. Engelbrecht, *a.w.*
5) Karl Barth, *l.c.*, p. 16.
6) B. J. Engelbrecht, *a.w.*
7) Karl Barth, *l.c.*, p. 82.

Die kerk bestaan immers nie in eensame afgesonderdheid nie maar in die tyd en op die aarde en in hierdie tyd en op hierdie aarde kan niemand sonder orde leef nie. Daarby is die ordende regering van die owerheid waarborg vir „'n rustige en stil lewe" (1 Tim. 2: 2) wat onmisbaar is vir die kerk t.o.v. die uitvoering van sy goddelike roeping en taak nl. om in die wêreld, vir die wêreld, getuie van Jesus Christus te wees. Maar selfs die taak van die kerk is van so 'n aard dat dit vir die kerk onmoonlik is om prinsipiëel teen die owerheid te wees. Die kerk het nie net — soos in sommige kringe wel gedink word — 'n eskatologiese taak nie. Hy moet nie net in die wêreld praat van die ewige saligheid in die hemele aan die einde van die tyd nie, maar hy het ook die taak van die lofprysing en verheerliking van God se Naam in en deur hierdie lewe wat van die owerheid sy ordende en chaos-bedwingende vormgewing ontvang. Daarby moet ook onthou word dat die christen, solank hy in hierdie wêreld is, nie net 'n regverdige is nie, maar ook 'n sondaar en wat as sulks ook die owerheid vir sy eie persoonlike lewe nodig het. As dit alles korrek is, sal die kerk in elke situasie moet besin oor die owerheid — oor sy oorsprong, sy taak en oor die houding van die kerk en die gelowige teenoor die owerheid.

## Die Oorsprong van die Owerheid

Paulus skrywe: „daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan . . ." en die owerheid „is 'n dienaar van God" (Rom. 13: 1, 2, en 4). Dat daar in die wêreld so iets soos „owerheid" is, is dus nie toevallig nie, is ook nie daad van menslike willekeur of werk van die Duiwel nie. Dit is werk van een en dieselfde drie-enige Verlossergod wat in Jesus Christus sondaars bevry van die magte waarin hulle verstrik geraak het.

Die owerheid en sy mag kom van God af. Sedert Christus voor Pontius Pilatus gestaan het, staan dit bo alle twyfel vas waarvandaan elke owerheid sy mag het. Pilatus meen dat hy mag besit „om Christus (U) te kruisig en mag het om Hom (U) los te laat". Maar Christus wys hom daarop dat hy geen mag teen Hom sou gehad het nie „as dit u nie van bo gegee was nie". (Joh. 19: 10 en 11). En dit geld van elke owerheid — goed of sleg, christelik of heidens. Dit mag nie vergeet word nie dat toe Paulus geskrywe het van die „mag wat deur God ingestel is", keiser Nero toe die feitlike owerheid was nie.

Christus het ook die owerheid gesien as 'n grootheid wie se bestaan deur God gewil word. Nêrens het Hy Sy dissipels opdrag gegee om die bestaan van die owerheid te ontken of om dit te ondergrawe nie. Inteendeel: Hy het uitdruklik aan die Fariseërs, bekend daarvoor dat hulle prinsipiëel teen die owerheid is, gesê om aan die keiser te betaal wat aan die keiser toekom (Mark. 12:17).

Dat die burgerlike owerheid 'n instelling van God is, was vir die Reformatore deel van die dinge wat in antwoord op die Woord van God bely is[8]. Daarom het die owerheid dan ook plek gekry in belydenisskrifte[9], dogmatiese leerboeke en ander geskrifte.

„Wanneer Luther oor die owerheid praat dan wil hy dit doen vanuit die hart van die Evangelie nl. die regverdigmaking deur die geloof alleen, deur die genade alleen én vanuit sy leer van wet en Evangelie en vanuit die perspektief van die eskatologie"[10].

Luther gryp vir sy beskouing van die owerheid terug na Augustinus, veral na lg. se leer t.o.v. die twee ryke, nl. die Godstaat, *Civitas Dei*, en die Aardse- of Duiwelse staat, *Civitas Terrena* of *Diaboli*. Vanuit die eskatologiese gesigspunt stel hy vas dat „die kinders van Adam in twee groepe verdeel moet word: die eerste groep behoort aan die koninkryk van God. Hulle is sondaars wat gered is deur geloof alleen, deur genade alleen en het as ware gelowiges nie 'n koning, swaard of wet nodig nie want hulle het die Woord in hulle wat hulle lei sodat hulle niemand kwaad aandoen nie en gewilliglik en blymoedig onreg ly . . . Die regverdige doen vanself alles en nog meer as wat die wet gebied"[11]. Eintlik doen net die regverdige die goeie, want alles wat nie uit die geloof gedoen word nie, is „verdammte Abgotterei". Die tweede groep is die ongelowiges, die heidene. Vir hulle het God ook 'n ryk ingestel, maar dit is 'n ryk buite die christelike staat, christelike geregtigheid en koninkryk van God om[12]. Hier regeer God d.m.v. aardse gesagvoerders, deur die wet en deur die toorn. Dit beteken nou egter nie dat hierdie mense goed doen nie ('n mens kan immers net deur die geloof goed doen) maar „dat hulle nie hulle boosheid kan beoefen nie, en as hulle dit doen, nie sonder vrees en nie in vrede en voorspoed nie"[13]), want die owerheid besit as wreker van die kwade die swaard om die wat kwaaddoen te straf (Rom. 13:4). Alleen so word verhoed dat die mense mekaar verskeur en dat die wêreld nie chaoties word nie.

Die burgerlike owerheid is dan wel vir Luther 'n instelling van God, maar dan 'n instelling alleen vir die nie-gelowiges.

Die merkwaardige is dat Luther hier nie rekening hou met die feit dat die gelowige nie net regverdige is nie maar tegelykertyd ook sondaar, *simul iustus* én *simul peccator*, en dus ook aan die ryk van die burgerlike owerheid en geregtigheid behoort nie. Luther het die fout begaan om die

---

[8]) Emil Brunner, *Die Reformierte Staatsauffassung*, Zürich und Leipzig 1938, S. 8" . . . was ein Zwingli oder Calvin über den Staat sagt, immer als Glaubensbekenntnis gemeint ist."
[9]) Vergelyk Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art. XXXVI, Die Skotse Konfessie Art. 24, Die Tweede Helvetiese Konfessie Art. 30.
[10]) B. J. Engelbrecht, *a.w.*
[11]) Martin Luther, *Selections from his Writings, Edited and with an Introduction by John Dillenberger*, New York 1961, p. 368.
[12]) Martin Luther, *l.c.*, p. 370.
[13]) Martin Luther, *l.c.*, p. 370.

eskatologiese gesigspunt te antipiseer en dit alreeds op hierdie wêreld, hier en nou, verwesentlik te sien. Dit is nie net die oorsprong van sy skeiding van kerk en owerheid nie maar ook die oorsaak van die uitlewering van die gebied van die owerheid aan die Duiwel en verder ook dat die geregtigheid waarmee die owerheid moet regeer 'n natuurlike geregtigheid moet wees en nie die geregtigheid van Jesus Christus nie.

Calvyn se benadering van die burgerlike owerheid is heeltemal anders. Die owerheid word nie los van Godswoord gesien nie en as hy daaroor handel dan praat hy ook nie daaroor los van die christelike leer nie. Die burgerlike owerheid vind dan ook plek in sy groot dogmatiese leerboek, *Die Institusie.* Calvyn is dan ook geweldig aktief op hierdie gebied. Hy skrywe briewe en opdragte van kommentare aan die konings van Frankryk en Engeland terwyl hy alles in die stryd werp om die Raad van Genève die weg te wys na 'n christelike regering. Vir Calvyn is „die owerheid gestel in die diens van die heerskappy van Christus" en „as hy oor die burgerlike owerheid praat, dan gaan dit vir hom nie oor die owerheid as sodanig nie, ook nie om die christelike owerheid nie, maar om Christus en oor die betekenis wat die burgerlike owerheid vir ons gemeenskap met hierdie Heer het"[14].

In die Vierde Boek van die Institusie word die owerheid saam met die kerk en die sakramente behandel as die uiterlike middele waardeur God ons tot die gemeenskap met Christus roep en daarin bewaar[15]. D.w.s. „de overheid deelt iets van de taak en iets van de eer van de kerk: de mensen te bewaren bij Christus"[16]. Die owerheid mag enersyds nie verwar word met die geestelike koninkryk van Christus nie maar andersyds moet dit noodsaaklik daarop betrek word[17]. Dit is ten goede daar vir hulle wat in die wêreld aan Christus en aan Sy koninkryk behoort. 'n Prinsipiële skeiding van die owerheid en die kerk is onmoontlik omdat die owerheid dieselfde Heer het as die kerk. In die eerste uitgawe van die Institusie is dan ook oor die owerheid gehandel onder die opskrif „Die ordening van die owerheid is vir die kerk noodsaaklik"[18].

Dit kan Calvyn alles sê omdat hy die herkoms van die owerheid sien in die goddelike voorsienigheid en heilige verordening[19], maar dan „nie soos pes, hongersnood en oorlog en ander sondestrawwe van Hom kom nie" maar „Hy het dit self ingestel vir die nuttige en regverdige regering van die wêreld"[20]. Die owerheid het sy opdrag van God, is beklee met goddelike gesag en verteenwoordig die persoon van God as wie se plaasvervangers hulle in 'n sekere sin kan geld[21].

---

14) Wilhelm Niesel, *Die Theologie Calvins*, München 1957, S. 227.
15) Vergelyk Johannes Calvyn, *Institusie*, Boek IV, 1, 1 en 2. Voortaan slegs *Inst.*
16) J. Koopmans, *De Nederlandse Geloofsbelijdenis*, Amsterdam 1939,.
17) *Inst.* IV, 20 ,1.
18) Wilhelm Niesel, *a.a.O.*, S. 223.
19) Vergelyk *Inst.* IV, 20, 4.
20) John Calvin, *Commentaries on the Epistle of Paul the Apostle to the Romans,* Michigan 1959, p. 479.
21) *Inst.* IV, 20, 4.

Wat die regeringsvorm betref was Calvyn van mening dat dit van die omstandighede, d.w.s. van Gods voorsienigheid, afhang welke regeringsvorm 'n bepaalde volk sal hê. Hy het self 'n gematigde aristokrasie verkies. Maar dit hang heeltemal van Gods voorsienigheid af van welke aard die feitlike owerheid is. Wat egter vasstaan is dat die feitlike owerheid sy gesag en opdrag van God het. Daarom is dit dwaas, oorbodig en baie gevaarlik om 'n verandering van regeringsvorm met geweld te probeer teweegbring[22].

Calvyn verwerp vanuit die wete dat die owerheid instelling van God is en dat die mag wat aan die owerheid geskenk is, onderwerp is aan Christus, die dwaling dat die burgerlike owerheid nie in ooreenstemming is met die volmaaktheid wat Christus gebring het nie. Hierdie mense skrywe aan hulleself 'n volmaaktheid toe wat hulle by verre nie besit nie[23]. Die burgerlike owerheid is dus ook noodsaaklik vir die gelowiges, vir die regverdiges wat tegelyk ook nog sondaars, onvolmaaktes is.

## Die Taak van die Owerheid:

Augustinus het twee vereistes aan die aardse staat, *Civitas Terrena*, gestel, nl. dat dit 'n volk moet wees en dat daarin geregtigheid of regverdigheid beliggaam moet wees. Sonder lg. is die owerheid nie meer owerheid nie maar 'n groot rowersbende, *magnum latrocinium*. As Augustinus „geregtigheid" omskrywe dan noem hy dit „die deug wat aan elkeen die dinge wat hom toekom, toedeel"[24]. „Aan elkeen wat aan hom toekom"— die gedagte vind ons in Mark. 12:17 en par.: „Betaal aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom" en in Rom. 13:7 moet die onderdane aan die owerheid betaal wat aan die owerheid toekom. Maar Rom. 13:7 is ook die aanloop vir Rom. 13:8: „Wees aan niemand iets verskuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul." Dit is die christelike liefdesgebod. Augustinus het blykbaar ook aan hierdie teks gedink, want hy sê ook dat geregtigheid en blywende geluk alleen moontlik is by state wat deur die Godstaat, dit is deur die christelike gesindheid en geloof bestuur word. Oor die algemeen het Augustinus „geregtigheid" egter gesien as 'n ou Romeinse regsreël, wat beteken dat die geregtigheid as die maatskaplike gronddeug, 'n selfstandige lewe los van die gebod van God het.

By Luther verkry die vraag na die geregtigheid 'n eienaardige antwoord. Die owerheid se taak is om deur die toorn en die wet met 'n beroep op die natuurreg 'n mate van orde aan die samelewing te gee. Die Evangelie geld nie vir die sfeer van die wêreldlike owerheid nie. Dit geld alleen vir die sfeer van die christelike geregtigheid waar dit geloof werk. Dit is onmoontlik om die wêreld volgens die Evangelie te regeer. 'n

[22]) Vergelyk *Inst.* IV, 20, 8.
[23]) Vergelyk *Inst.* IV, 20, 5.
[24]) Augustinus, *De Civitate Dei*, XIX, 21 . . . iustitia virtus est quae sua cuique distribuit.

Mens kan nie met die Evangelie die vrae en regte van die natuurlike lewe bemeester nie. Daarom is die geregtigheid wat in hierdie sfeer deur die owerheid gewaarborg moet word nie die geregtigheid waarvan die Evangelie praat nie, nie die geloofsgeregtigheid wat vir hulle geld wat aan die Godsryk behoort nie, maar 'n burgerlike geregtigheid, 'n geregtigheid wat nie verder strek as „die lewe, eiendom en ander uiterlike dinge op die aarde nie"[25]. Hier is nie die Evangelie nie, maar die natuurlike aanleg die kenbron. Hy het dan ook eenmaal gesê dat hy nie die Heilige Gees nodig het om te kan sien dat die aartsbiskop van Mainz groter is as die biskop van Brandenburg nie. Die christen kon dan ook nie as christen nie, maar net as burger deelneem aan die burgerlike regering.

Calvyn herhaal in sy omskrywing van die taak van die owerheid al die dinge wat Luther gesê het. Ons vind selfs Augustinus se „aan elkeen wat hom toekom" by hom terug. Daar is egter diepgaande verskille: Eerstens maak die natuurreg nie die geregtigheid uit waarvolgens die owerheid moet regeer nie. Die kenbron van die geregtigheid wat vir Calvyn hier moet geskied kan niks anders as die Evangelie wees nie. Tweedens het die eskatologiese werklik wesentlike betekenis vir die christelike lewe maar dit mag nie uit die oog verloor word nie dat die kerk, alhoewel nie van die wêreld nie, tog nog in die wêreld is en dat die gelowiges, solank hulle nog hier is, ook nog 'n taak het t.o.v. hierdie wêreld en dus ook t.o.v. die burgerlike owerheid.

*In concretu* kom Calvyn se siening op die volgende neer: Die owerheid het 'n wêreldlike taak en tog is dit nie sy eintlike taak om te sorg vir die liggaamlike welsyn van sy onderdane nie, alhoewel dit ook by sy taak ingesluit is. Sy eintlike roeping is om toe te sien „dat daar onder die christene 'n openbare gestalte van die Godsdiens sal wees en dat daar onder die mense humaniteit sal bestaan"[26]. Hierdie twee kante van die owerheid se taak kan nie los van mekaar bestaan nie. As God nie ge-eer en Sy gebooie nie onderhou word nie, verkeer die vrede van daardie land in gevaar. Dit is omgekeerd ook waar: as daar nie vrede onder die mense in 'n land heers nie, verkeer die openbare godsdiens in gevaar. Die owerheid moet die mensegeslag bewaar, nie omdat die mensheid doel insigself is nie, maar omdat die ordelikheid van die samelewing die bodem is waarop die kerk in vrede kan lewe[27]. Maar die owerheid kan, as die beskermers en verdedigers van die openbare onskuld, waardigheid, eerbaarheid en rus, alleenlik hierdie ordelike en rustige sfeer skep deur „hulle wat goeddoen te beskerm teen die ongeregtigheid van die kwaaddoeners en hulp en beskerming te verleen aan hulle wat onderdruk word". Vir hierdie doel is hulle toegerus met mag om openlike kwaaddoeners deur wie se wangedrag die openbare rus versteur en in gevaar gebring word, te beteuel.[28])

---

[25]) Martin Luther, *l.c.*, 383.
[26]) *Inst*, IV, 20, 3.
[27]) John Calvin, *Commentaries on the Epistles to Timothy, Titus, and Philemon*, Michigan 1959, p. 51 and 324.
[28]) *Inst*. IV, 20, 9.

Die owerheid sal hier moet loop tussen twee uiterstes nl. „buitengewone strengheid wat meer wond as genees" aan die een kant en aan die anderkant „'n bygelowige gejaag na sagsinnigheid wat die wreedste onmenslikheid is deurdat slappe toegeeflikheid lei tot die vernietiging van baie". Tydens die regering van Nerva is dit gesê dat dit sleg is om te leef onder 'n vors by wie niks geoorloof is nie, maar nog veel slegter om te leef onder 'n vors by wie alle dinge geoorloof is[29]). Die owerheid kan selfs geroepe wees om met die swaard die openbare straf uit te oefen[30].)

In dit alles gaan dit egter nog altyd vir Calvyn om die kerk omdat die mensheid geroep is om *vir* God te dien. Die humaniteit wat die owerheid onder die mense moet waarborg is nie doel op sigself nie, maar die owerheid moet dit handhaaf met die oog op die kerk as dié gemeenskap waar die gemeenskap met Christus beoefen word. Daarom is die sorg vir die suiwere godsdiens die vernaamste taak van die owerheid[31]).

Dit is egter 'n ander vraag of die owerheid dit wel doen. Die owerheid is egter soos elke mens geroepe om Christus as die Here te bely. „Wie 'n voortdurende gelukkige toestand vir sy ryk verwag is dit nie deur God se septer, d.w.s. deur Sy heilige Woord geregeer word nie . . ., bedrieg homself"[32]).

Ons het gesien dat Augustinus en Luther ook van die owerheid geregtigheid, humaniteit ge-eis het. Hulle het dit egter nie soos Calvyn só sterk vasgeknoop aan die eerste vereiste dat daar 'n openbare gestalte van die Godsdiens moet wees nie. Omdat Calvyn dit doen, ken hy nie 'n ander humaniteit as een wat onder Gods gebod val nie. „Die owerheid word aangespreek as gevolg van die Evangelie en met die oog op die Evangelie. Dit gaan om evangeliese humaniteit"[33]). Die owerheid is dus nie 'n sfeer wat buite die kragveld van God se Woord lê nie. Calvyn lewer dus nie die owerheid uit aan die god-loosheid nie.

Maar is hierdie beskouing oor die amp van die owerheid gegrond in die Heilige Skrif?

Dat die owerheid humaniteit moet handhaaf vind ons in Rom. 13:1–7. In die uitvoering van hierdie taak is die owerhede dienaar, *diakonos* en *leitourgos*, van God wat as sodanig erken moet word. Dit skrywe Paulus aan die christene in Rome wat die owerheid waarvan hy skrywe van naderby ken as die maghebbers „wat probeer om Christus van Sy ryk te beroof"[34]). Juis hierdie owerheid moet deur die christene erken word en hulle moet hulle daaraan onderwerp omdat ook hierdie owerheid „deur Gods hand" daargestel is. Maar dit is nie al nie. Sy taak is om

[29]) *Inst.* IV, 20, 10.
[30]) *Inst.* IV, 20, 11.
[31]) Inst. IV, 20, 9.
[32]) Aanhaling gevind by Wilhelm Niesel, *a.a.O.*, S. 231.
[33]) B. J. Engelbrecht, *a.w.*
[34]) John Calvin, *Commentaries on the Epistle of Paul the Apostle to the Romans*, Michigan 1959, p. 478.

humaniteit te handhaaf. Maar ook dit is nie al nie: dit kan nie enige humaniteit wees nie — in elk geval nie die humaniteit wat los van God se Woord en Wet selfstandig bestaan nie. Paulus het dit met sy lewe geïllustreer. Hy brand om na Rome te gaan want hy skuld die Evangelie aan alle mense (Rom. 1:14), ook aan die hoofstad van die Romeinse Ryk en aan die keiser. En as hy hom in Hand. 25:10–11 op die keiser beroep, dan beteken dit ook dat hierdie geleentheid nou uiteindelik aangebreek het. Nou sal die keiser op grond van die Evangelie in sy amp erken en aan sy amp gemeet word. Die keiser sal aan hom humaniteit moet bewys, maar dit is duidelik dat Paulus nie 'n algemene natuurregtelike humaniteit van die keiser vra nie, want wanneer hy daadwerklik voor die owerheid staan (Hand. 26) maak hy nie gebruik van natuurregtelike argumente nie, maar verkondig hy die Evangelie. Die Evangelie, net die Evangelie en niks anders nie, is sy verdediging. En die humanieteit wat hy van die owerheid vra is humaniteit wat aan hierdie Evangelie gebind is — christelike humaniteit. Paulus sou daarom alleen dan werklik tevredegestel gewees het as Agrippa en die owerheidspersone om hom geword het „soos ek is, buiten hierdie boeie" (Hand. 26: 29).

Hierin is Paulus deur sy Heer voorgegaan. As Christus voor Pilatus staan, is Pilatus — kragtens sy taak om as owerheid reg en geregtigheid te laat geskied — geroepe om aan Hom geregtigheid te laat geskied. Maar ook hier verloop die dinge nie in die bane van die algemene reg en geregtigheid nie. Christus betuig „die goeie belydenis voor Pontius Pilatus" (1 Tim. 6: 13). Wat hierdie belydenis inhou staan in Joh. 18: 36–37: Jesus Christus betuig Homself as die Koning van die waarheid. As dié Heer stel Hy die aardse owerheid voor die waarheidsvraag. Amptelik spreek Pilatus vir Jesus vry, maar dit is leë reg en niksseggende geregtigheid nie want hy gee tog vir Jesus om persoonlike redes (Joh. 19: 12) oor om gekruisig te word. Hy kon alleen reg teenoor Jesus laat geskied het as hy nie neutraal teenoor die waarheidsvraag gestaan het nie. As hy egter sy neutraliteit laat vaar het en in Jesus geglo het, sou sy amps- en persoonlike beslissing saamgeval het. Dan sou hy geregtigheid teenoor Christus laat geskied het. Dit sou dan geen algemene of natuurregtelike geregtigheid gewees het nie, maar christelike geregtigheid. Dan sou die owerheid egter ook opgehou het om iets anders as christelike owerheid te wees.

Om uit Pilatus se vraag „Wat is waarheid?" (Joh. 18: 38) te besluit dat „die owerheid in die waarheidsvraag neutraal is"[35] lyk in dié opsig bedenklik dat ons daarmee kan toegee dat daar 'n gebied is — dit is dié van die owerheid — waar daar 'n ander beslissing voor Christus moontlik is as 'n geloofsbeslissing. 'n Neutrale of indifferente beslissing is voor Hom egter nog altyd 'n geloofsbeslissing.

Die kerk kan dus op grond van die Heilige Skrif nie maar net 'n algemene, natuurregtelike geregtigheid en humaniteit by die owerheid

[35]) Karl Barth, *Rechtfertigung und Recht*, Zürich 1948, Theologische Studien, Heft I, S. 11.

soek nie. Die kerk sal christelike geregtigheid en humaniteit moet vra. Die owerheid kan dit egter nie gee sonder om eers sy neutraliteit te laat vaar nie. Hy kan nie indifferent staan t.o.v. die waarheidsvraag nie, want sy taak het alles met die waarheid, dit is Christus, te doene. Daarom sê Calvyn — en hy sê dit vanuit die Evangelie — moet die owerheid opgeroep word om positief teenoor die prediking te staan en moet aan hom voorgehou word dat hy moet regeer volgens albei die tafels van die wet want geen burgerlike regering kan suksesvol ingerig word as vroomheid nie sy eerste bekommernis is nie[36]. Daarom moet die owerheid nie maar net die kerk duld nie of maar net aan hom ruimte verskaf vir sy taak nie, maar die ware christelike godsdiens bevorder en ook vanuit die eerste tafel van die wet, d.w.s. vanuit die christelike geloof regeer.

Calvyn, en ook Art. XXXVI van Die Nederlandse Geloofsbelydenis, meen dat dit verder ook die taak van die owerheid is om ketters met die swaard te straf. Dit lyk egter nie asof daar vir hierdie uitspraak Nuwe Testamentiese getuienis is nie. In 1905 het die Nederlandse Gereformeerde Kerk uit Art. XXXVI die woorde geskraap nl. dat die owerheid tot taak het „om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens en om die ryk van die antichris tengronde te rig. „Barth meen ook dat die Skotse Konfessie in hierdie opsig „op gevaarlike wyse te veel gesê het"[37] want die kerk het niks meer nodig van die owerheid vir die uitvoering van sy taak nl. die verkondiging van die Evangelie, as net vryheid nie.

Sou die skraping van bg. gedeelte uit Art. XXXVI van die Nederlandse Geloofsbelydenis egter volg uit die oortuiging dat die owerheid neutraal moet staan, is daarmee „op gevaarlike wyse" te veel gedoen. Dit sou beteken dat die owerheid se geregtigheid maar algemeen of natuurregtelik kan wees en dat hy vanuit die natuurreg kan weet wat goed of kwaad is. Maar dit sou impliseer dat daar op die aarde 'n sfeer is wat 'n ander kenbron vir goed en kwaad het as net die Woord en Wet van God. In hierdie geval sou vraag drie van die Heidelbergse Kategismus ook maar geskraap kan word. Koopmans[38] het daarop gewys dat die verband tussen Art. II — die belydenis i.v.m. die openbaring van God — en Art. XXXVI — die belydenis i.v.m. die owerheid — van wesentlike belang is. Omdat Art. II geen natuurlike teologie leer nie, kan die kerk ook nie 'n neutrale owerheid bely nie. Dit is ook nie toevallig nie dat toe *Die Deutsche Evangelische Kirche* in die *Barmer-thesen*, 1933—1934, [39] standpunt ingeneem het teen die Nasionaal-sosialisme en die *Deutsche Christen*, dié kerk eers gaan besin het oor „die een en enigste openbaring van God in Jesus Christus" voordat dit besin het oor die owerheid.

As die owerheid sy herkoms by God het en as dit sy taak is om toe te

[36]) *Inst.* IV, 20, 9.
[37]) Karl Barth, *Gotteserkenntnis und Gottesdienst nach Reformatorische Lehre*, Zollikon 1938, S. 210.
[38]) J. Koopmans, *a.w.*, blz. 199.
[39]) Vergelyk Wilhelm Niesel, *Bekenntnisschriften und Kirchen-ordnungen der nach Gottes Wort reformierten Kirche*, Zürich, S. 335.

sien dat daar 'n openbare gestalte van die godsdiens onder die christene is en humaniteit onder die mense, en as hierdie humaniteit slegs christelike humaniteit kan wees, dan kan ons daaruit die volgende opmerkings maak en dit dan later op ons eie situasie toepas:

Eerstens: dat die owerheid nie aan homself of aan wie ookal anders behoort nie, maar aan God en dat hy daarom altyd, ook in sy grofste verwording, onder God staan. Dit kan nooit ongeldig gemaak word nie. Daarom sien die gelowige in die owerheid Gods wil en werk en dit selfs wanneer daar skynbaar niks meer tereg kom van dit waarvoor God die owerheid daargestel het nie, of hulle self meer kwaad aanrig as die mense waaroor hulle gestel is, of selfs die verklaarde vyande van God is. Selfs dan, sê Calvyn, bly dit waar „dat die koninkryke . . . en die trone van geregtigheid deur God opgerig is, sodat ons in die vrees vir hulle in vrede ons dae mag deurbring en 'n eerbare lewe mag lei"[40]. Dit kan nie deur die boosheid van die mense tot niet gemaak word nie want „die reg om te regeer is . . . deur God verorden tot die welsyn van die mense"[41]. Daarom is die grofste tirannie — so sê Calvyn na aanleiding van 1 Petr. 2: 17 — nog altyd beter en nuttiger as geen orde nie. „Daar kan geen tirannie wees wat nie in een of ander opsig nog die bewaring van die gemeenskap dien nie"[42]. Tot in hierdie verwording van die tirannie toe sal die gelowige die owerheid moet sien „as 'n genadige hulp in 'n sondige wêreld"[43] en saam met Calvyn so 'n owerheid moet verkies bo geen owerheid, bo chaos en anargie. Dit sal die kerk in die twintigste eeu om twee redes moet doen: chaos en anargie dien nie die voortgang van die Evangelie nie en dit dien nie die welsyn van die mense nie. Daarvan was en is die Kongo-episode 'n baie duidelike onderstreping. Ons kan op grond van die Heilige Skrif nog steeds nie anders besluit as Calvyn nie: „fanatici wat meen dat owerhede weggeneem moet word, is ontbloot van alle humaniteit en adem niks anders as wrede barbarisme nie"[44].

Ons sal verder ook duidelik met Calvyn die beskouing dat die owerheid net vir die ongelowiges en nie ook vir die gelowiges ingestel is nie, moet afwys. Hier word uit die oog verloor dat die gelowige tussen opstanding en wederkoms altyd en terselfdertyd regverdige en sondaar is. Hy het dus nie net die owerheid nodig om vir hom 'n geordende wêreld te skep waarin hy kan lewe nie, maar hy het ook die owerheid as dienaar van God wat die kwaad straf (Rom. 13: 4) vir sy eie persoonlike lewe nodig. Die gelowige weet immers uit die Heilige Skrif „how dangerous man is and how endangered by himself. He knows him as a sinner, that is a being who is always on the point of opening the sluices through which, if he were not checked in time, chaos and nothingess would break in and

[40]) Aanhaling gevind by Wilhelm Niesel, *Die Theologie Calvins.*
[41]) John Calvin, *Commentaries on the Epistle to the Romans*, p. 479.
[42]) John Calvin, *Commentaries on the Epistle to the Romans*, p. 480.
[43]) Alfred de Quervain, *Kirche, Volk, Staat*, Ethik II, erste Halbband, Zürich 1945, S. 196.
[44]) John Calvin, *Commentaries on the Epistles to Timothy, Titus and Philemon*, p. 52.

bring human time to an end"[45]. En die gelowige is daarby dankbaar dat hy weet dat dit God se bedoeling is om met die owerheid as „ordening van die swaard" as „mags- en vreesordening"[46] die mensheid in Sy hand oor die afgrond van chaos en serlfvernietiging heen te bewaar en sodoende aan hom „tyd te gee vir sy genade" en aan Sy kerk „tyd en vryheid om dit te verkondig"[47].

Die owerheid is „van God", is „deur God ingestel" (Rom. 13: 1). Dit is van die grootste belang vir die kerk se hele siening van die owerheid om te weet wat in Rom. 13: 1–7 onder „God" verstaan word. Anders gesê: dit gaan om hoe Rom. 13: 1–7 verstaan moet word. Moet 'n mens die begrippe wat daarin voorkom, verstaan as algemene, natuurregtelike begrippe en die gedeelte dan so verklaar of moet 'n mens Rom. 13: 1–7 verklaar vanuit die sentrum van die boodskap van hierdie brief nl. die regverdiging van sondaars uit genade alleen, in geloof alleen, in Christus alleen? Kuyper — wat onderskei het tussen algemene genade en besondere genade in Jesus Christus — het bv. die owerheid verstaan vanuit die algemene genade wat enersyds bedwinging van die mag en die gevolge van die sonde is, maar andersyds ook ontwikkeling van die oorspronklike skeppingsmoontlikhede is. Ons het reeds hierbo gewys op die samehang van Art. II en Art. XXXVI van die Nederlandse geloofsbelydenis en op die *Barmer-thesen*. Ons het net een openbaringsbron, ook t.o.v. die owerheid, nl. Jesus Christus. En dan kan onder „God" hier niemand anders verstaan word as die drie-enige God wat Sy heerskappy in Christus deur die Heilige Gees op die aarde opgerig het en nog steeds oprig nie. Volgens die Calvyn-kenner, Niesel[48], het Calvyn dit so gesien dat „die owerheid gestel is in die diens van die heerskappy van Christus . . . alle heerskappy op aarde is soos 'n afbeelding van die koningsheerskappy van ons Here, Jesus Christus. As Calvyn dus leer dat die wêreldlike owerheid deur God ingestel is, dink hy nie aan 'n onbepaalde, bowenatuurlike fundering van die menslike heerskappy nie maar aan die enigste Heer, Jesus Christus"[49]. Die Heidelbergse Kategismus leer ook, op grond van Ef. 1: 20–23. Kol. 1: 18, Mat. 28: 18, Joh. 5: 22 dat „Christus daarom na die hemel opgevaar het, dat Hy Hom daar sou betoon as die Hoof van Sy christelike kerk deur wie die Vader alle dinge regeer". Sittende aan die regterhand van die Vader is Christus die Hoof van Sy christelike kerk. Dit sê nie „dat hy in die wêreld alleen 'n provinsie te besture het nie en dat naas Hom in die wêreld nog ander konings en leiers is nie! — maar Hy is die Hoof van Sy kerk deur wie die Vader alles regeer"[50]. Die Heer van die kerk „is die Hoof van alle owerheid en mag" (Kol. 2: 10) wat ook „deur Hom en tot

---

[45]) Will Herberg, *Community, State and Church. Three Essays by Karl Barth*, New York 1960, p. 155 en 156.
[46]) Karl Barth, *Kirchliche Dogmatik*, Zürich 1948, T. II/2, S. 806.
[47]) Vergelyk Will Herberg, *l.c.*, p. 156.
[48]) Wilhelm Niesel, *Die Theologie Calvins*, S. 227 und 228.
[49]) Vergelyk ook Calvyn in die Kategismus van Genève vrae 80 en 82.
[50]) Karl Barth, *Die Christliche Lehre nach dem Heidelberger Kathechismus*, Zürich 1948, S. 73.

Hom geskape is" (Kol. 1: 16), vir wie Hy ook „uitgeklee en . . . in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het" Kol. 2: 15) Die Heer van die kerk is ook die Heer van die hele kosmos. „ . . . God het Hom uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is sodat in die Naam van Jesus Christus sou buig elke knie van die wat in die hemel en wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tog sou bely dat Jesus Christus die Here is, tot heerlikheid van God die Vader" (Fil. 2: 11). Die heerskappy van Christus is in die kerk en in die wêreld „heeltemal rëeel en kragdadig"[51].

Die stelling dat Jesus Christus die Heer is oor die owerheid, is die belydenis van die allesomvattende heerskappy van die gekruisigde en opgestane Heer. Word die owerheid nou teologies onttrek aan die heerskappy van Christus, geskied daarmee „'n vereniging van die Blye Boodskap, 'n verkleinering van die oorwinning van Christus"[52]. Die wêreld waarin die owerheid regeer, is 'n wêreld wat bepaal is deur die kruis waaraan God Hom aan ons vertoon het as 'n regverdige regter en 'n barmhartige Vader. Om die owerheid die kruis te ontsê, beteken om die owerheid aan die demone uit te lewer.

Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus in Rom. 13:1 en 2 nie minder as vier keer die een of ander vorm van die Griekse werkwoord *tasso*, orden, rangskik, gebruik nie. Cullmann [53]) het daarop gewys dat dit vir Paulus hier om 'n ordening, 'n rangskikking gaan wat vir hom baie belangrik is, nl. die ordening van die ryk van Christus: binne hierdie ordening bestaan ook die owerheid, weliswaar verder om die Here Christus as die kerk wat sy liggaam is, maar dan tog om Christus onder en in die diens van Sy heerskappy. Daarom is dit die roeping van die kerk om ten alle tye die heerskappy van Christus, die regverdiging van sondaars deur geloof alleen, deur genade alleen, in Christus alleen en die vergewing van die sondes aan die owerheid te verkondig en die owerheid op te roep om self daaruit as owerheid te leef en te regeer. Daarom sal ons met Calvyn ook nou nie tevrede kan wees daarmee dat die owerheid alleen maar die mensheid sal bewaar deur die chaos te bedwing nie of dat die owerheid net vryheid en vrede aan die kerk sal waarborg vir die uitvoering van sy taak, die verkondiging van die Evangelie nie. Ons sal op grond van die Heilige Skrif nie maar net 'n neutrale, algemene, natuurregtelike humaniteit van die owerheid kan vra nie, maar christelike humaniteit wat nie moontlik is nie tensy die owerheid sy neutraliteit teenoor die Waarheid, Christus, laat vaar en vanuit die geloof regeer nie. En al is dit nou so dat so iets byna totaal vreemd aan ons wêreld van die twintigste eeu geword het, is dit nog geen rede om ons nie daarvoor te beywer

---

[51]) Karl Barth, *a.a.*O., S. 73.
[52]) Alfred de Quervain, *a.a.*O., S. 208.
[53]) Oscar Cullmann, *Christus und die Zeit*, Zürich, 1946, S. 181 . . . „dasz es für Paulus seit Christus keine andere taksis gibt als die des Reiches Christis, sollte nicht bestritten werden."

nie. Die kerk ken immers nie 'n enkele sfeer wat geslote is vir Christus of wat daarvan vrygespreek is om die Woord van God te hoor en gehoorsaam daarvan te lewe nie. Die kerk ken ook geen enkele lewensgebied waar hy nie geroep is om die Woord van God te verkondig nie.

Die kerk kan alleen God dank dat daar in ons volksbestaan nog altyd owerheidspersone was wat Sy Naam geken het en bid dat in hierdie tydsgewrig van die onttroning van die ou waardes, God Sy Woord en Gees nie van ons owerhede sal weerhou nie.

Van Ruler [54] het die grondgedagtes van Calvyn verder probeer ontwikkel. Hy gaan uit van die koningskap van Christus, van Sy „koningzijn van de wereld". „Midden in het demonisch beheerste, staatkundig leven . . . wil Hij heersend tegenwoordig zijn"[55]. Hierdie lewe moet geontdemoniseer, gedoop en geheilig word tot lofprysing van God. Om dit te kan doen moet die owerheid gekersten word deur die kerk wie se prediking „krachtens haar wezen . . . prophetie tot de overheid is"[56]. Die owerheid „komt pas door de kerk tot zijn ware wezen"[57]. „Hij wordt door het Woord Gods van werkstede en woonstede van de goden tot dienaar Gods"[58], tot owerheid, wat as goddelike instituut, as liturg en dienaar van God (Rom. 13:1–7) gestalte moet gee aan die diens en die lofprysing van God in hierdie wêreld. Die owerheid moet 'n owerheid met die Bybel wees sodat daardeur die ganse volkslewe diens van God kan word, want daar kom dit op aan dat deur die diens van die owerheid, die volk God sal dien[59]. Die „theocratische huwelijk van kerk en overheid" in die kerstening van volk en kultuur bring Van Ruler daartoe om die kerk te sien as „verbonden aan het volk" as „naar haar wezen nationaal" [60].

Sò wil Van Ruler erns maak met die koningskap van Christus, maar dan op die gebied van die owerheid, in die sfeer van die politiek.

Daar is egter 'n ernstige waarskuwing van die kant van Karl Barth. God word te dikwels gesien as 'n vrome volksvader wat elkeen voor sy eie kar kan span. Dan is God slegs 'n geduldige trekesel. Maar God is God! Hy lê nie in die verlengstuk van ons voorstellings nie. Hy staan nie tot ons in dieselfde verhouding as Gulliver tot die Lilliputters nie. Hy is GOD en as God is Hy slegs te kenne in Sy openbaring in Jesus Christus en nêrens anders nie. Sy Woord slaan loodreg in van bo en dit verkry geen duratiwiteit in ons tyd nie. Wanneer dit gebeur gehoorsaam ons 'n gebod en nie die Woord van God nie. Dit word veral gevaarlik wanneer die gebooie 'n stel prinsiepes van 'n politieke party word. Dan kan ons

---

[54]) A. A. Van Ruler, *Religie en Politiek*, Nijkerk 1945 en *Droom en Gestalte*, Amsterdam 1947.
[55]) A. A. Van Ruler, *Droom en Gestalte* ,blx. 201.
[56]) A. A. Van Ruler, *Religie en Politiek*, blz. 257.
[57]) A. A. Van Ruler, *a.w.*, blz. 174.
[58]) A. A. Van Ruler, *a.w.*, blz. 174.
[59]) A. A. Van Ruler, *a.w.*, blz. 306.
[60]) A. A. Van Ruler, *a.w.*, blz. 188.

nie meer praat van gehoorsaamheid aan God nie, maar wel van gehoorsaamheid aan prinsiepes of partye.

Die kerk leef in die wêreld met sy voortdurende politieke veranderings. Maar dit is 'n wêreld wat lê tussen die dood van Christus en Sy wederkoms en dus onder Sy heerskappy. In hierdie tyd is die kerk kerk van sy lewende Meester wat gegrond is in en gebind is aan die Woord van God. Die Woord moet hy gehoorsaam. Maar die Woord van God is vry. Hy kom loodreg van bo af. In die vryheid van die Woord is ook die vryheid van die kerk opgesluit. Die kerk kan hom nie bind aan 'n party nie, want dit sou beteken dat ons die Woord van God gevange gee aan die prinsiepes en doelstellings van 'n party. Maar nou beteken die vryheid van die kerk bo die politieke partye nie dat die kerk teen die politiek is nie en daarmee niks te doen mag hê nie. So 'n houding is vir die kerk en sy lede onmoontlik. Die kerk se deelname aan die politiek mag egter alleen só wees dat sy politiek alleen maar uitdrukking van sy eie unieke lewe is.[61].

Hierdie stellings is vir Barth van wesentlike belang vir die houding wat die kerk in die stryd tussen Oos en Wes moet inneem. Brunner[62] het hom verwyt dat hy wel eenmaal nee gesê het teenoor die totalitarisme van die Derde Ryk maar dat hy nie saam met Switserse, Duitse, Engelse en Amerikaanse teoloë dieselfde gedoen het teenoor die totalitarisme van die kommunisme nie. Daarop het Barth geantwoord[63] dat daar wel van die kerk verwag word dat hy sekere geestelike en teologiese standpunte sal hê t.o.v. die politieke sfeer wat in ooreenstemming met sy belydenis is. Die kerk kan hom egter nie voortdurend besig hou met verskillende „-ismes" en sisteme nie maar alleen met historiese werklikhede soos hy dit sien in die lig van Gods Woord en van die geloof. Sy verpligtings lê nie in die rigting van een of ander vervulling van die natuurwet nie, maar teenoor sy lewende Heer. Daarom dink, spreek of handel die kerk nooit uit prinsiepe nie. Die kerk oordeel geestelik en in individuele gevalle. Daarop verwerp die kerk elke poging om die geskiedenis van die politiek, of sy eie deelname daaraan, te sistematiseer. Hy hou hom die reg voor om elke gebeurtenis opnuut te beoordeel. Die kerk het geen „pasklaar program" vir elke situasie wat mag opduik nie. Hy kan alleen maar telkens weer die groot riglyne van die Bybel oor hierdie lewensgebied onder leiding van die Heilige Gees toepas deur geloofsbeslissings. Daarom: as die kerk gister die een pad geloop het, is hy nie gebind om vandag dieselfde pad te loop nie. Die kerk is net aan die Woord gebind — die Woord wat in elke situasie loodreg van bo inslaan.

Barth wil dat die kerk vry sal bly bo die politieke konflikte tussen Oos en Wes om wanneer dit nodig word, profeties te getuig in die be-

---

[61]) Vergelyk Karl Barth, *Against the Stream*, p. 77ff.
[62]) Vergelyk Karl Barth, *Against the Stream*, p. 106ff.
[63]) Vergelyk Karl Barth, *Against the Stream*, p. 113ff.

paalde situasie. Van homself het hy eenmaal gesê dat hy „die vrolike partisaan" wil bly wat hier slaan en daar slaan maar nooit deur die magte van die duisternis vasgetrek kan word nie.

Tweedens: die mag van die owerheid kom van God af. Maar dit is juis hier waar die afgrond voor elke owerheid gaap: hy kan dit uit die oog verloor dat sy mag van God af kom of selfs nog verder gaan en, homself usurperend, in die plek van God stel. Dan het die owerheid demonies, die dier van Openbaring 13 geword wat vir hom self eis, nie net wat aan hom toekom nie, maar ook wat aan God toekom. Die kenmerk van die demonies-geworde owerheid is die selfvergoddeliking. Openb. 13 het die keiseraanbidding in die Romeinse ryk voor oë. [64]. In ons wêreld sal Openb. 13 as 'n vraagteken bokant elke owerheid moet bly hang.

Mits die beriggewing oor Ghana in *Time* korrek is, kan 'n mens nie anders as om onrustig gestem te word deur die opkomende Nkrumah-kultus nie. Die nuusblad publiseer onder die opskrif "The man from Jerusalem"[65] die titels van Nkrumah soos versamel deur 'n Ghanese koerant. Daaronder is die weersinwekkendste die van *Osagyefo* wat verlosser beteken. In *Voice of Africa* kom die titel oor en oor voor. Deur die Ghanese radio en pers word hy besing as "a Moses, our Messiah." Osagyefo is immortal and can never die"[66]. Nkrumah sien homself as „die verlosser van Afrika", die aanbiddingswaardige voor wie selfs sy minister Boateng dikwels op sy knieë neerval en uitroep: "Osagyefo, you are my god"[67]. Uit hierdie uitsprake wil dit lyk asof die rigpunt van die Ghanese owerheid skerp oorhel in die rigting van Openb. 13.

Ons sal daarmee rekening moet hou dat die owerheid demonies kan word. Ons sal egter die beskouing dat die demonisering noodwendig moet intree, moet afwys. So 'n beskouing hou nie rekening met wat in Jesus Christus eens en vir altyd geskied het en wat deur geen mag weer ongeldig gemaak kan word nie. Het die owerheid dan verniet saam met „die volk van Israel" (Hand. 4:27–28) om Christus gestaan òf het die owerheid daar saam met Israel skuldig geword aan die bloed van Christus om ook saam met Israel te deel in die belofte wat aan hierdie volk gegee is? Is dit alleen maar toevallig dat die eerste belyder van die gekruisigde Christus, 'n soldaat van die owerheid was (Mark. 15:39)? So 'n beskouing hou nie rekening met die owerheid se konkrete ontmoeting met Christus in die verkondiging van die kerk wat „die menigvuldige wysheid van God bekendmaak aan die owerhede en magte in die hemel nie" (Ef. 3:10).

Derdens: Dit behoort tot die aard van die owerheid dat hy voorlopig is. Hy behoort tot „hierdie eeu". Aan die einde van die tyd sal net die stad van God (Openb. 22) daar wees en die burgerskap in Sy konink-

---

64) Oscar Cullmann, *The State in the New Testament*, London 1957, p. 77.
65) *Time*, Vol. LXXVIII No. 23, p. 28.
66) *Time*, Vol. LXXVIII No. 19, p. 32.
67) *Time*, Vol. LXXVIII No. 23, p. 28.

ryk. Maar nou is dit geen rede vir die kerk of die gelowige om neer te sien op die owerheid nie want dieselfde geld ook vir die kerk: alhoewel die kerk nie van die koninkryk losgemaak kan word nie, sal aan die einde van die tyd nie die kerk daar staan as die ewig-blywende nie, maar net die stad van God. Ook die kerk is nie die koninkryk van God nie. Die kerk het die opdrag om namens homself en namens die wêreld, d.w.s. ook namens die owerheid te bid: „Laat U koninkryk kom!" Die kerk mag dit nooit uit die oog verloor dat dit tot die wese van die tyd tussen die opstanding en die wederkoms van Christus behoort dat die koninkryk van God weliswaar naby gekom het, maar terselfdertyd nog verborge is.

### Wat is die Christen verskuldig aan die Owerheid?

Die Heilige Skrif sê dat die magte wat daar is deur God ingestel is en dat die gelowiges hulle daarom daaraan moet onderwerp, dit moet gehoorsaam, aan die keiser moet gee wat hom toekom en vir die owerheid moet bid (Rom. 13:1, en 2, Tit. 3:1, Mt. 22:21 en par., 1 Tim. 2:1, 1 Petr. 2:13).

Luther se beskouing oor wat die christen aan die owerheid verskuldig is, kom op die volgende neer: aan die een kant mag die christen nie as christen nie, maar net as gewone burger deelneem aan die regeertaak van die burgerlike owerheid. Aan die anderkant moet die christen onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die burgerlike owerheid bewys want „niemand mag gesag verwerp of weerstaan nie, behalwe Hy wat dit ingestel het; in alle ander gevalle is weerstand rebellie, rebellie teen God" — so skrywe hy aan sy keurvors in 1521. Maar net soos die gesag van die burgerlike owerheid nie verder strek as „die lewe, eiendom en ander uiterlike dinge op die aarde nie" strek die gehoorsaamheid aan die owerheid ook nie verder as hierdie uiterlike dinge nie. Aan die keiser moet gegee word wat aan die keiser toekom, maar eis die owerheid wat aan God toekom, dan moet die gelowige vir die owerheid sê: „Liewe heer, ek is aan u gehoorsaamheid verskuldig met my lewe en goed; beveel my binne die grense van u gesag op aarde en ek sal u gehoorsaam. Maar as u my beveel om te glo en van boeke (bedoel is die Nuwe Testament van Luther) ontslae te raak, sal ek u nie gehoorsaam nie, want dan is u 'n tiran wat beveel op 'n gebied waar u geen reg of gesag het nie"[68]. Die ongehoorsaamheid mag egter nie verder strek as lyding ter wille van die Woord nie, want die gelowige „moet 'n slegte mens nie weerstaan nie" (Mtt. 5:39).

Die Duitse Boereopstand van 1525 het nog tydens Luther se lewe die leemtes in hierdie beskouing aangedui. Die Lutherane het dan ook in die loop van tyd korreksies hieraan aangebring. Met die loop van tyd het die opvatting inslag verkry dat die christen as christen en nie net as gewone

[68]) Martin Luther, l.c., p. 388.

burger nie, aan die politiek mag deelneem. Verder: „die staat se geregtigheid bly natuurregtelik en die owerheid beperk tot die skeppingsorde maar die christelike politikus kan aantoon dat die natuurregtelike geregtigheid se rigpunt eintlik die evangeliese geregtigheid in Christus is en dat die rigpunt van die skeppingsordening eintlik die heilsorde in Christus is"[69].

Eers tydens die Tweede Wêreldoorlog het die Noorweegse biskop, Berggrav, in sy voordrag „*Wenn der Kutscher trunken ist...*"[70] die Lutherse eis om onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die owerheid begin in twyfel trek. Die Derde Ryk het nie net geëis dat daar gebuig sal word voor sy mag nie, maar ook dat sy anti-christelike, ideologiese grondslag erken sal word. Daarmee was vir Berggrav die plig tot verwerping, ja die reg tot openlike opstand gegee. Berggrav het die volgende maatstaf neergelê: die natuurregtelike essensie van die owerheid lê daarin dat hy die goeie sal beloon en die kwade sal straf (Rom. 13:1–7). Daarin lê sy „geregtigheid". Maar as die owerheid dit nie meer doen nie, dan moet ons die owerheid weliswaar nog gehoorsaam, maar dan is hierdie owerheid nie meer owerheid nie. Of: „Slegs solank as die owerheid self vir God tot owerheid het, is dit owerheid volgens God se instelling".[71].

Hierdie stellings van Beggrav het die weg gebaan in Lutherse kringe vir verdere besinning oor hierdie probleme wat dan veral sentreer rondom biskop Otto Dibelius se geskrif „*Obrigkeit*", Augustus 1959. Hy kan nie meer in die Oos-Duitse regering „owerheid" in die Bybelse sin van die woord sien nie, want dié staat is nie meer 'n regstaat nie maar 'n magstaat wat sy reg vir homself, in diens van sy mag gebruik[72].

Na noukeurige oorweging van die teksverse wat ons hierbo aangehaal het, omskrywe Calvyn „die pligte van die onderdane teenoor hulle owerheid" as volg: Ons moet die grootste eerbied vir die amp van die owerheid hê. Omdat hulle regeringsbevoegdheid van God afkom, moet ons hulle daarom „ontvang en eerbiedig as dienaars en afgesante van God", „Die gehoorsaamheid wat ons aan hulle skenk, bewys ons aan God, in soverre as wat hulle mag van God afkomstig is"[73].

„Maar as ons let op die Woord van God, dan sal dit ons verder lei en leer dat ons nie net onderdanig moet wees aan die gesag van regeerders, wat hulle amp getrou en eerlik teenoor ons beoefen nie, maar aan alle regeerders, hoe hulle ookal aan hulle amp gekom het en al doen hulle alles behalwe hulle pligte as regeerders". Ook hierdie regeerders „is almal met die heilige majesteit beklee wat Hy aan hulle geskenk het". Hierdie stellings bewys Calvyn uit die Bybel, veral uit Dan. 2:21, 37; 4:17 en 25; 2:37 en 38; 5:18 en 19; 1 Sam. 8:11–17 en Jer. 27:5–8 en 12:74).

---

69) B. J. Engelbrecht, *a.w.*
70) Die titel is ontleen aan 'n preek van Luther uit 1521 oor die goeie werke.
71) Vergelyk Peter Meinhold, *Römer* 13, Stuttgart 1960, S. 16.
72) Vergelyk Peter Meinholdt, *a.a.O.*, S. 12.
73) *Inst.* IV, 20, 22.
74) *Inst.* IV, 20, 25–27.

So 'n onregverdige regeerder „word deur God verwek om ons ongeregtigheid te straf". By lyding onder so 'n owerheid moet ons daarom eerstens „ons sondes in herinnering roep". „Op hierdie weg sal ootmoed ons ongeduld beteuel"[75]). Opstand en rebellie teen die owerheid lê dus nie in ons hande nie. „Die wraak kom ons nie toe nie . . . maar aan ons is die bevel gegee om te gehoorsaam en te ly"[76]). Alleen die laere regeerders, wat die tirannie van hierdie regeerders behoort teen te gaan en oor die vryheid van die volk behoort te waak, mag vorste teenstaan[77]). Opstandelinge, „wat ander gedagtes en doelstellings het", alhoewel hulle deur God verwek is om tiranne teen te gaan, sal nie sonder straf deur God gelaat word nie[78]).

As 'n regeerder egter van ons eis om aan hom meer gehoorsaam te wees as aan God (Hand. 5:29; Dan. 6:22), dan mag en moet ons weier. Maar ook Calvyn sluit aktiewe, liggaamlike rebellie uit. Die christen kan alleen pasief, lydelik wees en verder berou hê en bid.

John Knox het egter veel verder gegaan as Luther en Calvyn. Hy „leer dat dit onder bepaalde omstandighede nie net vir die christen geoorloof is om teen die regerende vors in opstand te kom nie, maar selfs noodsaaklik"[79]).

Laat ons nou enkele momente van naderby bekyk: Eerstens: Die gelowige moet hom onderwerp aan die owerheid (Rom. 13:1). Dit kan egter nie 'n uiterlike, passiewe, selfs lydende onderdanigheid wees nie. Dit sou teken daarvan wees dat ons nie erns maak met die owerheid nie. Die gelowige onderwerp hom immers nie net aan die owerheid omdat hy die mag van die owerheid vrees nie, of „ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete" Rom. 13:5. Wat sou Paulus hier met gewete bedoel? — miskien iets wat 'n outonome, selfstandige bestaan los van Christus voer? Ons het in die voorafgaande bladsye daarvan uitgegaan dat Rom. 13:1–7 nie 'n „*Fremdkorper*" in die geheel van die brief is nie en gepoog om sy begrippe — dié wat ons reeds behandel het — te sien in hulle verband met die sentrale boodskap van die brief nl. die regverdiging van sondaars uit genade alleen, deur geloof alleen, in Christus alleen. Volg ons dieselfde gedragslyn t.o.v. die begrip onder bespreking dan wil ons saam met Barth[80]) sê dat gewete hier, soos elders, vir Paulus „medewete met God, die gebondenheid van die mens in die geloof aan Christus" beteken. Omdat die gelowige aan Christus gebonde is, het hy 'n medeweter van God geword op grond van die Woord wat hy gehoor het en weer en weer moet hoor. Hy weet vanwaar die owerheid is, van God se ordening (rangskikking, *taksis*), van die heerskappy van Christus

---

75) *Inst*. IV, 20, 29.
76) *Inst*. IV, 20, 31.
77) Vergelyk *Inst*. IV, 20, 31.
78) *Inst*. IV, 20, 30.
79) Vergelyk B. J. Engelbrecht, *John Knox oor die reg van opstand teen die burgerlike owerheid*, artikel in *Die Hervormer*, Jaargang 51 No. 2, bls. 7v.
80) Karl Barth, *Kirchliche Dogmatik*, Zürich 1948 T II/2, S. 744.

waaronder alles, ook die kerk en die owerheid, ingerangskik is. Daarom onderwerp hy hom aan die owerheid nie alleen maar uiterlik, passief, lydend nie, maar in aktiewe, verantwoordelike handeling. As mens wat bely dat sy burgerskap in die hemel is, sal hy hom daarom nie alleen onderwerp aan die owerheid nie, maar self ook op verantwoordelike wyse deelneem aan die politiek en mede-verantwoordelikheid aanvaar vir die goeie regering van sy land.

Die kerk onderwerp hom aan die owerheid, gehoorsaam die landswette, omdat hy weet dat dit deel van die dinge is wat hy in gehoorsaamheid aan God, aan die owerheid verskuldig is. Omdat hy deur die geloof mede-weter geword het van die orde van God, daarom sal hyself nooit 'n ordelose wees, of 'n agitator of iemand wat heimlik die bestaande orde ondergrawe nie. Dit is sekerlik geen goeie getuienis wanneer die owerheid teen gelowiges moet optree wat die landswette nie gehoorsaam of die veiligheid van 'n land ingevaar stel nie. Dit is ook seker geen goeie getuienis wanneer die kerk dan, wanneer teen so 'n mens, al is hy 'n kerkleier, opgetree word, sal praat van "*religious persecution*"[81] nie. Daarin het aartsbiskop De Blank by verre te ver gegaan. Die kerk het in hierdie opsig ook 'n roeping teenoor homself nl. "*to appose anarchy and zealotism within its own ranks*"[82].

Natuurlik beteken dit nou nie dat die kerk alleen maar gedweë alles wat die owerheid sê en doen, kritiekloos moet aanvaar nie! Die kerk moes in ons vaderland al tot vervelens toe van die kant van die Wêreldraad van Kerke, van kerke uit die buiteland, uit ons eie land en selfs uit sy eie geledere hoor dat die kerk 'n handperd[83] van die huidige regering geword het — veral t.o.v. die rassebeleid van die regering — en is die kerk opgeroep om profeties teenoor die owerheid te getuig — net asof die kerk hier aan die Suidpunt van Afrika nog nooit geweet het dat 'n kerk ook 'n profeties-apostoliese taak teenoor volk en owerheid het nie. Enige kerk wat kerk van die Woord is, weet dit dat hy deur God geroep is en met Sy Woord en Gees toegerus is, om hierdie werk vir sy Heer in die wêreld te doen. Een ding het die kerk egter tot sover nog steeds ten regte afgewys en dit is dat die profetiese taak van die kerk t.o.v. die owerheid alleen maar *kritiek* kan wees. Dit is dan die klag teen die kerk: die kerk voer nie sy profetiese, dit is kritiese taak teenoor die owerheid uit nie. Die kerk het hom „die luukse van stilte en swygsaamheid" veroorloof. Daarby kom dan ook nog die insinuasie dat die kerk terugdeins om sy stem in politiese aangeleenthede te laat hoor[84].

Die kerk hier te lande was nog altyd bewus van sy profeties-apostoliese taak. Hy het dit egter só gesien en só beoefen dat hy hierdie taak as *kerk* moet beoefen. Dit wil sê hy moet die Woord van God—en nie sy eie

---

[81]) *Good Hope*, December 1960.
[82]) Oscar Cullmann, *The State in the New Testament*, p. 91.
[83]) Vergelyk *Vertraagde Aksie*, Pretoria 1960. veral bls. 38.
[84]) Vergelyk *Vertraagde Aksie* bls. 130v.

woord nie!— so suiwer as menslik moontlik is, verkondig aan alle mense, gelowiges en ongelowiges, owerheid en onderdane. Niemand word vooraf uitgesluit nie. Die kerk weet ook dat om te swyg ongehoorsaamheid aan sy Heer sal beteken. Die kerk het dan ook voor en vir die owerheid profeties getuig, maar nie eerstens as kritiek nie, maar as voorligting vir die owerheid oor hoe die Woord van die lewende God die wese en die taak van die owerheid sien. Die kerk het ook in sy prediking en lewe nie maar net voor die owerheid gestaan en praat oor die vreemde geregtigheid in Christus nie, maar hy het ook die owerheid opgeroep om in die uitvoering van sy regeertaak hierdie geregtigheid te ken en daarvolgens te regeer. En wat meer is — en hier het die kritici die kar voor die perde gespan — die kerk het ook nie nagelaat om met die oog op die rassesituasie profeties-apostolies voor volk en owerheid te getuig nie. En die getuienis van die kerk was nie getuienis wat los staan van die Woord van God nie. Die kerk het juis só getuig in gehoorsaamheid aan die Woord. In die Memorandum wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan die Cottesloe-beraad van Desember 1960 voorgelê het, is dit asvolg gestel: "Already in the 18th Century, more than a century before Christian Western Europe's notorious 'scramble for Africa', the Church in South Africa set an example to the people and government for a pattern of separate existence for black and white; in the 19th Century, after experimenting in integration, the Dutch Reformed Churches openly bore witness for separate existence before foreign (British) and local (Transvaal and Orange Free State republican) goverments; while in the 20th Century the Churches had attained the position that the pattern of separate existence became official policy . . . The principle of separate development was not an invention of the present goverment, which is now open to the criticism of the Churches, but was advocated and implemented by the Church itself as the only possible permanent pattern of existence at the time when "colour problem" was an unknown concept to most of the world". Die uitgangspunt van hierdie kritiek is dus verkeerd. Nie die owerheid nie, maar die kerk is eerstens vir hierdie beleid verantwoordelik. Lank voor die herontwaking van die humanistiese beskouings van vryheid, gelykheid en broederskap het die kerk hier al so getuig en gelewe voor volk en owerheid. En ons wil dit weereens beklemtoon: die kerk het só getuig en só geleef voor volk en owerheid omdat hy daarvan oortuig is dat hierdie samelewingspatroon die enigste wyse is waarin daar geregtigheid vir almal kan geskied. Alleen die volledige deurvoering daarvan kan 'n einde maak aan alle „baasskap". Onder integrasie kan dit alleen 'n voortdurende euwel wees. Daarom versoek die kerk nog steeds die owerheid om so spoedig moontlik die beleid van afsonderlike, eiesoortige ontwikkeling deur te voer, en dit nie net op sommige vlakke van die lewe nie, maar as "total, vertical segregation"[85].

[85]) Memorandum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika voorgelê aan die Cottesloe-beraad van Desember 1960, bl. 9.

Die kerk het egter nie net 'n profetiese taak teenoor die owerheid nie, maar ook 'n apostoliese taak teenoor al die inwoners van die land. Die inhoud van die kerk se apostoliese opdrag is „die kerstening en reformasie van die volk" en „die evangelisasie van Jood en heiden, sodat alle volke die verlossing wat in Jesus Christus is, kan verkry . . ."[86]. Die apostolaat van die kerk beteken vir ons onderwerp dat die kerk in sy verkondiging van die Woord van God ook die mense onder die owerheid sal inlig oor hoe die Woord die wese en taak van die owerheid, maar ook hulle verhouding tot die owerheid en hulle onderlinge verhoudings sien. Die kerk wat hierdie Woord dra, glo dat dit God se Woord en daarom skeppingsmagtige Woord is en in die hand van God, die Heilige Gees, ook al hierdie verhoudinge kan kersten. Dat dit nie net in ons land nie, maar in die ganse wêreld sal geskied, daarvoor bid die kerk met al die erns tot sy beskikking.

Wat die evangelisasie van nie-blanke volke betref, beoog die kerk die stigting van aparte volkskerke. Die kerk glo nie dat dit die eenheid van die kerk skaad nie — soos sy kritici wel beweer. Die eenheid moet vir die kritici sigbaar wees, m.a.w. verskillende rasse moet in een plek, op dieselfde tyd in die erediens en om dieselfde nagmaalstafel vergader. So iets sou alle oë, ook dié van die ongelowiges kon sien en sê: daar is die kerk! Maar dit is nie so eenvoudig nie. Die kerk is 'n geloofswaarheid wat bely word op grond van die openbaring van God in Jesus Christus. Hierdie kerk wat ons bely is wel sigbaar, maar alleen in die geloof, alleen in die openbaringsdaad van God. Om hierdie kerk te kan sien en te kan bely is die openbaring van God en die getuienis van die Heilige Gees nodig. Ons oë sien wel 'n kerk, sy mense, predikante, Bybel, Kerkboek en ons hoor hulle praat en sing en bid. Om dit te sien en te hoor het ons nie geloof, openbaring of die getuienis van die Heilige Gees nodig nie. Maar as ons die ware kerk moet sien en bely, kan dit alleen geskied "when it comes forth as the original behind the image, as the truth behind the semblance"[87]. Die eenheid van die kerk is dus net soos sy heiligheid en algemeenheid geloofsaak: lê buite ons in Christus. God laat dit vir ons in die geloof sigbaar word waar en wanneer dit Hom behaag. Dieselfde Prof. Van Selms wat in *Vertraagde Aksie* hierteen so heftig woed kon vroeër t.o.v. „rasverschil" self skrywe: „de algemeenheid der kerk heeft daaronder nog niet te lijden"[88].

Dit gaan vir die kerk met die aparte volkskerke oor 'n werksverdeling. Elke volk het sy eie taal, ook taal van die hart, en kultuur. Elke volk hoor die Evangelie op 'n wyse soos net hy hom kan hoor en neem daaraan op sy eie wyse aanstoot. Elke volk kom op sy eie wyse deur die aanstoot en antwoord op sy eie wyse op Gods Woord. Hier sal die kerk anders lyk as daar, maar hier en daar is die een, heilige, algemene, christelike

[86]) *Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, Art. IX bls. 4.
[87]) Karl Barth, *Against the Stream*, p. 65.
[88]) A. Van Selms, *Licht uit Licht*, Amsterdam 1948, blz. 181.

kerk daar waar Christus self is na Sy belofte [89]. Dit gaan in die Bybel nie om 'n vir-alle-oë-sigbare wêreldkerk nie, maar om die een, heilige, algemene christelike kerk wat een en heilig en algemeen en christelik is in sy onsigbare Hoof, Christus.

Die Wêreldraad van Kerke het in sy vergadering te Evanston die volgende besluit aanvaar: "Segregation in all its forms is contrary to the Gospel and incompatible with the Christian doctrine of man and with the nature of the Church of Christ". Ons het reeds hierbo probeer aantoon dat skeiding op grond van rasverskil nie die eenheid van die kerk skaad nie. Hierdie besluit bevat egter vir ons ook ander uitsprake wat nie in ooreenstemming is met die Bybelse getuienis nie. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het reeds daarop gewys dat "This absolute condemnation does not exclude segregation by mutual consent nor does it exclude segregation that is beneficial to all concerned". Hierdie besluit hou nie daarmee rekening dat segregasie ook daarop gebou kan wees dat „ons mos broers is" (Gen. 13:8), soos Abraham en Lot juis ter wille van hulle broederskap van mekaar geskei het nie. "Scripture is clear enough on the fact that it was God himself who separated man in diverse peoples (ethnic groups) and gave each its own inheritance, as reference to and study of Gen. 10 and 11, Deut. 32:8, Acts. 17:26, 27 adequately illustrates. It appears further that the World Council identifies segregation with discrimination, while the pattern of existence in regard to which the Church bore witness in South Africa, aims at the abolition of all discrimination . . . the Church holds that integration into a single unit opens the door for discriminaion on a wide front"[90].

Die profetiese taak van die kerk sluit nie kritiek uit nie maar in. Maar hierdie "criticism should follow in the wake of information and counsel, and not precede it"[91]. Daar het in die afgelope tiental jare van alle oorde kritiek op die kerk, volk en owerheid van die Republiek van Suid Afrika neergereën. Dit is belangrik om die herkoms van hierdie kritiek na te gaan. Dit word hoofsaaklik geïnspireer deur die geesteskIimaat wat tydens en na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het. Na die oorlog, wat 'n oorlog teen die Duitse rassisme was, is daar angstig begin soek na nuwe weë vir die benadering van menslike verhoudinge. Die ontdekking van „die bom" het dit onderstreep dat ten alle koste 'n oplossing vir die probleem van menslike verhoudinge gevind moet word om 'n derde wêreldkonflik te voorkom. Die kerk kon met reg verwag dat 'n wêreld wat so deur die smeltkroes gegaan het en oor wie die verskrikking van „die bom" hang, die oplossing van hierdie probleem in die Woord van God sou gaan soek het, by Hom, die vleesgeworde Woord in Wie God die harte van mense nuut maak, in Wie mens-wees as mede-menslikheid openbaar is. Dit

[89]) Ethelbert Stauffer, *Die Theologie des Neuen Testaments*, Gütersloh 1948, S. 174.
[90]) Vergelyk die Memorandum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, voorgelê aan die Cottesloe-beraad van Desember 1960 bls. 8v.
[91]) Memorandum Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika bls. 6.

het egter nie geskied nie. 'n Vermeende oplossing is gevind in die humanistiese slagkreet van die Franse Rewolusie: vryheid, gelykheid en broederskap. Die Verenigde Volke Organisasie is toe in die lewe geroep as die instrument wat op hierdie basis die saam-lewe van verskillende volke en rasse op die een aarde moes behartig. So is die gelykmakingsproses begin. Alle verskille tussen mense en volke moet, omdat dit gesien word as die oorsprong van alle wrywing tussen mense en volke, uitgewis word. In snelle tempo het volke en lande in Afrika en Asië onafhanklikheid verkry —soms lank voordat daardie volke daarvoor ryp was — en is hulle toegelaat as ledelande van die Verenigde Volke. Met die verloop van tyd het die Verenigde Volke almeer begin wurg onder die greep van hierdie twee groepe wat in die Afro-Asiatiese blok saamgespan het. Al meer het die Verenigde Volke 'n wêreldplatform geword vir die propagandistiese kritiek van hierdie mense en verskillende Westerse lande laat hulle nog steeds hierin gebruik ter wille van die guns van hierdie lande in die magswedloop met die Kommunisme.

Dié wêreldorganisasie moes dan ook al in die diens van chaos en anargie staan — iets wat vir verskillende lande in Afrika en die Ooste handig is vir die bevordering van hulle eie doelstellings. In die vergadersale van hierdie wêreldliggaam het dit werklikheid geword "that those who do injury are considered worthy, those who defend themselvess are criminals, and the states . . . which limit themselves to securing order in their teritories are incriminated by the very countries that are at the root of the disorder created there"[92]. Perkelose regte en vryheid word ge-eis vir mense wat nog nie besef wat die verantwoordelikheid van vryheid is nie, maar vryheid sien as die toestand waarin alles geoorloof is. Die gebeure in Afrika oor die afgelope tien jaar het ons alleen nog maar dieper daarvan oortuig dat om toe te gee aan hierdie eise alleen maar die grootste leed en onreg vir al die inwoners van ons land en Afrika inhou.

Die kerk sal nie met hierdie kritici kan saampraat nie. Hulle doelstellings kan nie deur die kerk onderskrywe word nie. Meer nog: die uitgangspunt van hulle kritiek nl. die humanisme, kan nie uitgangspunt of maatstaf van die kerk se spreke wees nie. Want as die kerk se kritiek deel is van sy profetise taak waartoe hy deur God geroep is, dan volg daaruit dat die kerk se kritiek geen ander uitgangspunt en norm kan hê as net die Woord van God nie. Die humanisme kan hiervoor nooit kwalifiseer nie. Daarom wys die kerk hierdie kritiek nie alleen af nie, maar stel hy in die uitvoering van sy profetiese opdrag wat gerig is op alle mense en instansies, dat sy kritiek die Woord van God as uitgangspunt en norm het. Dit sal die kerk ook moet doen teenoor die wêreldpers wat meen dat hy iewers, weggesteek in die begrip „persvryheid", 'n absolute maatstaf het waarvolgens hy alle gebeure kan beoordeel.

Ook vir sy kritiek teen sy owerheid het die kerk geen ander uitgangspunt en norm nie. Die kerk kan nie saam huil met die wolwe in die bos

---

[92]) Dr. Salazar soos gerapporteer in *Time*, Julie 1961.

nie, al is hulle ook humane wolwe! Hy kan geen beter uitgangspunt en norm begeer nie, want God se Woord is self kritiek: God se kritiek oor al die woorde en werke van kerk, volk en owerheid. Die kerk mag sekerlik nooit swyg nie, maar die kerk kan ook nie meer wil doen as om met sy owerheid en volk en wêreld saam „te willen staan in het licht van Gods gebod en zijn belofte"[93].

Tweedens: moet die kerk vir die owerheid bid (1 Tim. 2:1–4). Die kerk moet as God se apostel nie net profeties getuig voor en teenoor die owerheid nie, maar hy moet ook priesterlik vir almal, en dan spesifiek vir sy owerheid, in die gebed voor God intree. Dit moet die kerk altyd doen, ongeag of sy owerheid goed is of sleg. Ja juis vir 'n slegte owerheid moet die kerk bid, „bid dat God slegte mense goed sal maak"[94].

Daar word egter ook in 1 Tim. 2:1–4 gesê met die oog waarop die kerk moet bid nl. „sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom". „'n Rustige en stil lewe" — dit is nêrens op die wêreld moontlik sonder wet en orde nie. Sonder wet en orde kan niemand leef nie. Dit dien nie alleen net die welsyn van die mense nie, maar is volgens 1 Tim. 2:1–4 ook 'n essensiële vereiste vir die voortgang van die Evangelie. Die owerheid moet ter wille van hierdie twee sake wet en orde handhaaf want chaos en anargie dien nie een van die twee nie. Daarvan was die Kongo-episode een van die duidelikste voorbeelde. Daarom moet die kerk van die owerheid vra dat hy na die beste van sy vermoë wet en orde sal skep en dit met die swaard self sal handhaaf as dit bedreig word. Die Bybel is hierin baie realisties. Dit is geen maklike taak nie, want die sonde is nog 'n werklikheid. Dit is juis nêrens so duidelik as op die gebied van die owerheid nie. Openb. 13 bly as vraagteken oor elke owerheid hang. Daarom moet die kerk vir sy owerheid in gebede en voorbede by God intree. Sou dit miskien gesê kan word dat die owerheid van die Republiek van Suid Afrika dit nie met reg van die kerk kan verwag met die oog op die komplekse situasie waarin ons leef nie?

Die „rustige en stil lewe" mag egter nie die rus en stilte van slawe wees nie, maar moet 'n rustige en stil lewe „in alle godsvrug en waardigheid" wees. Dit is egter nie moontlik sonder vryheid en reg nie. Wet en orde, vryheid en reg — iewers daar tussen in lê „die goeie politiek" wat die owerheid moet waarborg. Die wet en die orde mag die vryheid en die reg van al die mense nie onnodig aan bande lê nie. Die vryheid en reg mag die wet en die orde nie skaad nie.[95].

Omdat die kerk weet wat God met die owerheid in die wêreld voor oë het, kan hy hom nie skaar aan die kant van die mense van die twintigste

[93]) J. Koopmans, *a.w.*, blz. 188.
[94]) John Calvin, *Commentaries on the Epistles to Timothy, Titus and Philemon*, p. 52.
[95]) Vergelyk C. L. van den Berg, *Kerk en owerheid en die Rassevraagstuk in Suid-Afrika*, Hervormde Teologiese Studies, 16de Jaargang Afl. III, bls. 208vv.

eeu wat skreeu om perkelose vryhede en regte nie. Wet en orde is onmisbaar vir die welsyn van alle mense en die voortgang van die Evangelie 'n Mens het al dikwels verslae gestaan oor die profetiese taak — en dan as kritiek alleen — van die Wêreldraad van Kerke. Daar word uiters selektief te werk gegaan. Wanner ons verwag het dat hulle sou spreek, het hulle geswyg en wanneer ons verwag het dat hulle die kant sou kies van vlugtelinge en verkragtes, het hulle geswyg of selfs die kant van moordende hordes rebelle gekies. Het dit nie miskien alles daarmee te doen dat die rebelle nie-blankes en die vlugtelinge en verkragtes blankes is nie? Lê daar nie juis in hierdie getuienis van die Wêreldraad van Kerke rassediskriminasie nie? Begin die Wereldraad van Kerke nie ook al al benouder wurg onder die greep van Afro-Asiatiese ledelande nie? Ons verneem dat tydens die Cottesloeberaad 'n ampsdraer van die Wêreldraad van Kerke selfs teen die bevel van God in om vir die owerheid — wat altyd die feitlike owerheid is — te bid, vir die voorlopige rebelle-regering van Algerië gebid het, sonder om die wettige Franse owerheid selfs te noem. Sal ons as kerk en as gelowiges in hierdie land iets anders kan doen as om voor hierdie kerklike wêreldorganisasie op grond van die Heilige Skrif te getuig dat gehoorsaamheid aan God se bevele beter is as handelinge wat voortvloei uit welke mooi motiewe ookal, of gegrond is op watter praktiese redes ook al?

Vir die owerheid moet gebid word. Sou ons sê dat dit 'n kritieklose werk is? Daar kan seker nie 'n meer kritiese optrede teenoor die owerheid wees as dié van die voorbede nie, want „daar is niets meer in van gelijk-wil-hebben. Immers voor de troon van God moet de menschlijke critiek verstommen. De kerk treedt met de overheid voor God, zamen onder zijn oordeel, in dezelfde noodsaak van de rechtvaardiging uit het geloof. Dat is de beste steun die de kerk aan de overheid te geven heeft"[96].

C. J. MANS.

[96]) J. Koopmans, *a.w.*, blz. 198.